LINDENNUUS

9 MAART 2018

...meer as net `n skool

BOODSKAP VAN DIE HOOF

Beste ouers, personeel en Lindeniete

Na aanleiding van die opmerking tenoor die skool wat ek gister gemaak het rakende die deelname aan rugby en dat ek bekommerd is oor die vereiste getalle om spanne te vorm versus wat ons tans het, wil ek u die versekering gee dat die bestuur besig is met ‘n opname in terme van volhoubare deelname. Hierdie terugvoer sal in die volgende kwartaal aan u gekommunikeer word. Huidig handhaaf ons die status quo en alle sportsoorte gaan voort soos normaal.

Verder wil ek dan ook graag ek elke ouer, onderwyser en leerder bedank vir julle ondersteuning en bydrae tot die sukses van Hoërskool Linden die afgelope kwartaal. Ons skool het op verskeie terreine in akademie, sport en kultuur presteer.

Ek wens julle ‘n geseënde Paasfees en ‘n welverdiende ruskans toe. Mag julle die vakansie geniet, veilig reis en uitgerus terugkom.

Groete
Dr. Johan Wiehahn

VAKANSIE AKTIWITEITE

Lindeniete kry buitelandse geleenthede

Hoërskool Linden is geweldig trots op drie van ons leerders wat in April op verskillende terreine in die buiteland gaan deelneem.

Mariella Venter

Mariella verteenwoordig die Suid-Afrikaanse swemspan by die Statebondspele in Australië. Sy gaan aan die 50m, 100m en 200m rugslag in die vroue ope-kategorie deelneem. Mariella het reeds verlede week vertrek.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Daniéle van der Merwe

Daniéle is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig in ritmiese gimnastiek. Sy is deel van die junior olimpiese groep wat aan die Afrika kampioenskappe in Egipte gaan deelneem.

Jade Brummer

Jade het onlangs ‘n eerste plek in Suid-Afrika se Dance World Cup ronde behaal en dring deur na die Dance World Cup finaal in Spanje. Sy ontvang ook ‘n uitnodiging van die Vagonova Ballet Academy in St. Petersburg (Rusland) om aan hulle jaarlikse balletproduksie deel te neem.

Marielle Venter

Daniéle van der Merwe

Jade Brummer

Hoërskool Linden netbal is kookwater

Hoërskool Linden het vanjaar agt spelers wat tot die finale Gautengproewe deurgedring het. Baie geluk aan Ané (0.14), Nadia (o.15), Lana en Lenka (o.16), Kira en Mardelle (o.17), Linda en Kaylin (o.18).
Die proewe vind 9 April plaas.
Mardelle Linda en Kaylin was ongelukkig afwesig toe die foto geneem is.

Tennis

Sterkte aan Alec Beckley wat die vakansie aan die Super 9 en die Nationals-toernooi in Bloemfontein deelneem.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/